## PEOPLE

### Swellendam region says goodbye

*Gallina Fuller* studied at Wits University, worked in the Johannesburg Public Library, acquired her post-graduate diploma at the University of Cape Town (UCT) and worked for ten years as a cataloguer in the UCT library.

She joined Montagu Public Library in April 1999 and managed to improve the library stock, shelf-space and brought about many changes that helped to increase circulation. She will be missed but fortunately she is still in the vicinity to be called upon for expert advice when really needed.

*Chantal la Grange* het op 1 April 1997 in Bonnievale Biblioteek as biblioteekassistent begin werk. Sy het in Junie die biblioteek verlaat om haar eie onderneming te begin. Sy was lief daarvoor om met die kinders te werk en het mooi uitstallings en plakkate gemaak. Ons gaan haar mis al is sy nog op die dorp, en wens haar alle voorspoed toe met die nuwe onderneming.

*Ronel Mouton*
*Streekbibliotekaris, Swellendamstreek*

### Ons groet Laingsburg se Bhuki tannie

Sedert Mei 1981, toe Laingsburg Biblioteek na die verskriklike vloed heropen het, was Francis van Wyk agter die toonbank, tussen die boeke, en in Laingsburglesers se harte. Vir die afgelope 23 jaar was sy sinoniem met die biblioteek. Teen einde Oktober 2004 tree sy af, nadat sy die afgelope vier maande haar opvolger deeglik opgelei het.



Laingsburg se lesersgemeenskap was besonder gelukkig om 'n bibliotekaris te hê wat deur die jare die meeste se leesvoorkeure leer ken het en haar biblioteekvoorraad daarvolgens opgebou het. Tydens busbesoeke was dit altyd 'n belewenis om haar 'in aksie' te sien in die bus, deurentyd aan't praat met haarself: 'Mmm, ja, die boek lyk nogal interessant. Net die soort waarvan Rentia sal hou. Ek sal hom môre vir haar wys. En dié een is mos weer Charles se soort boek...'

Sy het haar boekevoorraad hanteer asof dit haar eie eiendom is. Dit was vir haar 'n geweldige skok toe sy eendag 'n kind op heterdaad betrap toe die 'n boek aan't steel was. Ten spyte van die bewyse van voorraadopname rekeninge, het sy toe eers regtig die moeilike feit aanvaar dat daar sowaar mense is wat boeke steel. Haar voorraad was altyd netjies en baie skoon en sy het baie van die boeke geken asof hulle ou vriende is. Maar dit was nie ten koste van 'n gebruikersvriendelike biblioteek nie.

Groot en klein was baie lief vir die 'bibtannie' en het tuis gevoel daar. Sy was ook een van die uitsonderlike bibliotekarisse wat dit reggekry het om uitstekende samewerking tussen die biblioteek en die skole te bewerkstellig.

### Nuweling in Laingsburg

Op 1 Julie 2004 het Noeline Gouws as nuwe bibliotekaris van Laingsburg Openbare Biblioteek begin werk. Aanvanklik sal sy saam met Francis van Wyk werk om eerstehands die geheime wat jare se ondervinding meebring, te leer.

Noeline was voorheen in die onderwyswêreld betrokke en het handelsvakke by Modderdam Hoërskool aangebied. Sy is egter 'n gebore en getoë Laingsburger wat baie bly is om nou die geleentheid te kry om haar 'tuis' gemeenskap te kan dien. Haar gunsteling leesstof is rillers. Gemeet aan die spoed en gretigheid waarmee sy haar in haar nuwe beroep ingrawe, is ons oortuig daarvan dat die enigste rillers in Laingsburg se biblioteek blote fiksie sal bly.



*Pieter Hugo*
*Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek*

### New talent joins Service

The Cataloguing Section is very pleased to welcome Charl September as the new audiovisual librarian. In the past few years, a number of new audiovisual formats have appeared and his first task will be to get the DVD titles catalogued and processed.



Charl, who has always lived in Cape Town, studied at the University of the Western Cape and completed his B.Bibl. in 2002. He was initially employed on contract in the Western Cape Provincial Library Service (WCPLS), Cataloguing Section, where he displayed a natural talent for the job.


His main hobbies are weight training, reading and history. He is looking forward to the opportunities presented by his new job and we wish him a long and happy stay in the Service.

*Estelle Jakobsen*
*Cataloguing Section*

## LIBRARIES

### Fairest Cape holiday programme

Fairest Cape approached **Wynberg Library** to assist with a holiday programme during the July school holidays. With great enthusiasm the challenge was accepted and from



*Some of the youngsters who clearly had fun making their own picture frames*

7 until 14 July 2004 the reference section was humming!

Between 20 and 30 children attended a recycling programme by Norma Nolan. (Photo on page 5.) She arrived with bags and bags of rubbish and started the programme off with a slide show, which represented a reflection of the neglect of the earth, followed by some music. As part of her instructions in methods of waste separation Norma then proceeded to empty her bags of rubbish in the middle of the room, much to the children's surprise. Everybody enthusiastically joined in the puppet show, that, combined with the dancing and song, was a highlight for the children. She also taught the children how to make frames from recycled material.

Chips and lollipops were handed out to the children at the end of the programme. Both children and parents left beaming with pride with the knowledge they had gained those mornings.

The programme was such an astounding success that the staff at Wynberg Library requested a repeat during the next school holidays. A sincere thanks to Fairest Cape and Norma for their efforts to teach and make the public aware of the importance of creating a clean and healthy earth for us all to enjoy.

*Library Staff*
*Wynberg Library*

*A resounding success it seems! ED*

## Acclaimed author Agarwal visits Rylands

During September this year borrowers of Cape Town's **Rylands Library** were treated to a reading by one of India's foremost female writers, Deepa Agarwal, the acclaimed author of several poems and short stories such as **Visitors hour** and **The stuff of dreams**. Deepa, on a short visit to South Africa, was invited by librarian Nazma Vajat and the Friends of Rylands Library in order to promote her book, **If the earth should move** and to strengthen links between Indian writers and their readers in South Africa.

The programme started with the Ganesha Anjuli, a Bhartanatyum dance routine, skilfully performed by Amanda Pillay of the Vadhini Indian Arts Academy in Cape Town where after it was the turn of Deepa to entertain her hosts. She complied by reading from the short story *Cradle song* and finished with a few poems. She also encouraged South African Indian women to put their stories to paper, whether fictional or not and her inspiring words were well received by the audience.

The borrowers also expressed their wish that such readings would continue with more writers from the sub-continent visiting this small corner of the Mother City.

*Bilqees Osman*
*Librarian*

## Worcester celebrates Learning Cape Festival

Learning Cape Festival time again! Printed on last year's invitation to participate in the festival was the following: *To encourage and celebrate learning throughout all parts of society in the Western Cape, making it a premier learning region, and building the human resource base for a better life in South Africa.*

The Breede Valley Library Service identifies with this approach and participated in the event that took place in the Town Hall in **Worcester** during August, inviting the community to 'gain information and knowledge about skills training, learnerships, the SETAs, HIV/AIDS, et cetera'. An interesting programme which included a presentation and exhibition by Cape Town astronomer, Dr Thebe Medupe. His message to scholars was not to blame their circumstances but to look beyond that and to utilise freely available resources such as the local public library.

Most of the municipal departments took part in the exhibition, *Career opportunities,* and provided information on careers and highlighted their services to the community. Well done to all the departments and to Janine Ontong (Zweletemba Library), Frederika Knockpaal (Esselen Library) and Unity Mtomile.

Approximately 2 500 learners (mostly grades 8 and 11) from schools in the Breede Valley visited the exhibition. Librarians were available for questions, relevant stock was on display and a variety of brochures, pamphlets, bookmarks and stickers were handed out.

The Learning Cape Festival has become an annual and well-publicised event. The Library Service identifies with the festival's aim to promote the Western Cape as a learning region and also to promote a culture of lifelong learning for economic growth, personal development and social justice for all its citizens. Relevant information, pamphlets and posters focusing on this aim, careers and the library profession would be helpful for future events.



*Young users who received reading awards during a packed with activity holiday programme held at* ***Woodstock Library***

*Karen Jorgensen*
*Librarian, Worcester Library*

## SKRYWERS EN BOEKE

### Danziger sterf aan hart

Paula Danziger, 'n gewilde Amerikaanse kinderboekskrywer, is op 59 oorlede, berig die BBC. Danziger, veral bekend vir haar boekreeks, *The amber brown*, het einde in Julie 2004 in die St Luke hospitaal in New York aan 'n hartaanval gesterf. Sy het ook die kinderverhaal **The cat ate my gymsuit**







*Above: The exhibition held during the Learning Cape Festival in the town hall in Worcester was very well attended*

*Above left: Rubbish and dustbins - an innovative recycling presentation that was one of the highlights during Wynberg Library's Fairest Cape holiday programme*

*Links: Die jaarlikse ontmaskering van die 'spokies' op hoofkantoor - personeel van die streke op hoofkantoor het elkeen 'n geheime vriendin wat haar deur die jaar bederf - 'n oulike idee om mekaar beter te leer ken*









*Regs bo: Die uitstalling van die Olimpiese Spele in Strand Biblioteek was letterlik in die kol! Onmiddellike 'uitslae' was deel van die slim-beplande uitstalling wat groot byval by gebruikers gevind het*

*Above: A striking Olympic Games display by Fish Hoek Primary School in the library*

*Left and below: The precious Wheelie Wagon all 'wrapped up' before the ribbon-cutting ceremony by MEC Stali surrounded by excited children from the area*



## NUWE PUBLIKASIE

*Die jaarverslag - 2003/2004 - 'n nuttige verwysingsbron vir biblioteke met, onder andere, die jongste sirkulasiesyfers en ander relevante inligting oor die Biblioteekdiens*



geskryf en was in die jare negentig gereeld in BBC One se program, *Live and kicking*.

*Die Burger*

## LITERARY AWARDS

### Zimbabwean wins top literary prize

Zimbabwe's Brian Chikwava (32) won the Caine Prize for African Writing for his story **Seventh Street Alchemy** during a celebratory dinner at Oxford University's Bodlean Library.

The US$15 000 Caine Prize is bestowed annually for a short story published in English by an African writer. Chairman of the judges, Alvaro Ribeiro hailed the winning story for 'a very strong narrative in which Brian Chikwava claims the English language as his own'.

Born in Zimbabwe in 1972, Chikwava lives in London, where he is working on a novella and an album of music drawing on township jazz, ska and blues influences.

Founded in 2000, the prize is named after the late Sir Michael Caine, head of Booker PLC and founder of Britain's Booker Prize.

The other finalists were Uganda's Doreen Baingana for **Hunger**; Kenya's Parselelo Kantai for **The story of Comrade Lemma and the black Jerusalem boys band**; Uganda's Monica Arac de Nyeko for **Strange fruit**; and Nigeria's Chika Unigwe for **The secret**.

*Argus*

### JM Coetzee final judge

Nobel laureate JM Coetzee will be the final judge on a new literary award for Southern African writers.

Run in conjunction with the South African Centre of International PEN in partnership with HSBC Bank and New Africa Books the HSBC/SP PEN Literary Award aims to discover and promote new creative writers in the region. Prizes totalling $10 000 will be granted annually for the first three years.

SA PEN has published previous books of new South African writing, with contributions from distinguished writers such as Nadine Gordimer, Oswald Joseph Mtshali and Zakes Mda.

The winning contributions will be published by SA PEN and New Africa Books in the first of an annual series of books of new creative writing, entitled *New writing from Southern Africa*.

For the first volume, to be published in 2005, the award will be for short-story writing. In future years, prizes will be awarded for the best contributions in genres to be decided by the editorial board.

To view the rules for submission please go to the web site *www.newafricabooks.co.za*. For further information about the award, please contact SA PEN secretary Liesa Jossel at 084 843 2426 or e-mail <liesajossel@mweb.co.za>.

*Cape Times*

## OPLEIDING

### Induksietoer

*Op 5 Augustus het Marianne Elliott, streekbibliotekaris van Suidstreek 'n induksietoer van Hoofkantoor gekoördineer vir die personeel van Metropool en Boland openbare biblioteke. Die toer is in Valsbaaistreek afgesluit met 'n praatjie deur Jochera Salie oor die allokasie van nuwe boeke aan biblioteke*



### Levy klop Slovo om Orange Prys

Die Britse skrywer Andrea Levy het die Orange Prys vir fiksie ontvang. Met dié prys, wat sedert 1996 toegeken word, word vroue wat in Engels skryf, vereer. Levy, wat in Londen woon, het dit gekry vir haar roman **Small Island**, berig die BBC.

Die Suid-Afrikaanse skrywer Gillian Slovo (**Ice Road**), Shirley Hazzard (**The great fire**), Chimamanda Ngozi Adichie (**Purple hibiscus**), Margaret Atwood (**Oryx and Crake**) en Roze Tremain (**The colour**) was op die kortlys vir die prys.

Die Amerikaner Valerie Martin het verlede jaar die Orange Prys gekry vir haar riller **Property**, wat oor slawerny in die deelstaat Louisiana handel. Daarvan is in die ses maande ná die bekroning meer as 1 500 eksemplare per maand verkoop.

*Die Burger*

## MISCELLANY

### Taking books to the people in rural areas


True to its mission to establish library services in communities that are presently deprived of such services in an effort to improve the quality of live of the inhabitants of the Western Cape, WCPLS launched the Wheelie Wagon project. Some really small communities in rural areas with an underdeveloped public transport infrastructure are deprived of books, reading and the access to information, provided by the existing public library network. It was therefore decided to launch the Wheelie Wagon project as a pilot project to reach potential readers in rural areas for whom a visit to the nearest public library would entail travelling quite a distance.

The pilot project will target Kliprand (Vanrhynsdorp), Klaarstroom (Beaufort West) and Nagenoeg, a farm near Stellenbosch. Each community will receive two enclosed trolleys, one containing adult and one children's books. On average this project will make about 1 200 books available to a community that would otherwise have no access to books and in this way smaller communities, not within reach of a local public library, will have an opportunity to enjoy the benefits of reading for education, culture, recreation and improving

*Right: The choir from the local school was rewarded with library promotional material for their performance at the launch. Here they are with the MEC for Cultural Affairs, Sport and Recreation Minister Chris Stali*

*Below: Schalk Visser of the farm Nagenoeg with MEC Stali next to the Wheelie Wagon*





literacy skills. Books for each project were selected to provide in the information needs of that specific community and will be exchanged and replaced with new titles regularly. In the case of Kliprant and Nagenoeg the local schools will be able to use these collections to expose children to books and reading from an early age to establish a reading culture in these communities. An additional benefit for schools are the non-fiction titles in these collections that will serve as valuable educational support for teachers and learners.

Two Wheelie Wagons containing 1 233 books were delivered in April 2004 to the Nagenoeg Estate in the Lyndoch area between Stellenbosch and Somerset West. The Wheelie Wagons are housed in a small room in the clinic complex and will be run by two local volunteers who were trained by the provincial library staff to provide a basic library service to the community. Professional guidance will be provided on an ongoing basis. The local farm workers and those on surrounding farms can use this service during lunch hours, Tuesday evenings and Saturday mornings. (Photos on page 5).

With this project the Service empowers more inhabitants of the Western Cape by enabling them to discover the benefits of reading, literacy and education.

*Janine de Villiers*
*Promotions and Publications*

## Strand Leeskring word 50

Die vyftigjarige bestaan van die Strand Leeskring is vanjaar tydens 'n gesellige funksie in die Welgelegen saal gevier. Hulde is gebring aan stigter Maxie White, wat met haar onblusbare geesdrif en liefde vir boeke, die fondament gelê het. Sy het die leeskring soos 'n matriarg beheer en die lede moes altyd haar streng voorskrifte rondom kleredrag en etiket nakom. In daardie jare is geen notules gehou nie. Die oudste notule beskikbaar is gedateer 21 Januarie 1974.

Ons spog met welbekendes as oudlede, byvoorbeeld, Maggie Laubscher en Elizabeth Vermeulen. Enkele jare lange lede het vertel van die talentvolle oud-lede. Dertien oud-lede is uitgenooi na die funksie en die saal was 'n pragtige gesig met vrolike blomme, goudkleurige servette en kunstige boekmerkies as aandenkings.

Ons leeskring se lewenskrag is te danke aan talentvolle insette oor al die jare.

*Elfie du Toit*
*Strand Biblioteek*

*Baie geluk met die groot prestasie. RED*

## Good Hope Centre buzzes

It was whilst I was seeking donations for the *Welcome Kit* bags for the IBBY Congress that the organiser of a Church Sunday School Exhibition, Matthew Arendse and I became friends. When he first phoned me early in August, to ask if I would exhibit a library table at the event, I became so stressed that before the day was out, I had chewed the top of my pen to bits - a habit I thought I had outgrown!

Janine de Villiers provided me with promotional material such as posters, bags, caps, stickers and bookmarks and I drew up a sample list of items available at the library. Matthew arranged for their printing department to print 10 000 copies of an edited version. I boxed some CD cases (with pamphlets - but, no CDs), empty video boxes and an assortment of books. Our table was in the area allocated to Christian Bookshops. Next to us, Lux Verbi had items for sale and adjacent to them, Jean Williams, from Biblionef, also with a range of posters and books to sell.

Shortly after the opening we were inundated and soon the freebies ran out - in retrospect a good thing!

Although organised by the New Apostolic Church, the event was open to members of the public and approximately 8 000 to 10 000 people visited the very successful exhibition.

*Veronica Behm*
*Milnerton Library*

## Regstelling

Baie dankie dat ons gereeld julle uitstekende tydskrif ontvang.

In die aflewering van Mei/Junie 2004, p. 3, kolom 3, heel bo, het julle 'n kort berig oor Tommy Matthee se aanstelling op die National Council for Library and Information Services geplaas op grond van



*Oudlede Alta Louw, Cora Terblanche, Joyce de Leeuw, Marietjie Bonthuys, Marie Roelofse en Salie Robertson. Suzanne Theron, die huidige voorsitter, is die dogter van Salie Robertson, 'n oudvoorsitter, so LEES is beslis in die lede se bloed!*

➪

ons *E-news in brief from Meta-information* van 16 April 2004.

Die naam van die Council is ongelukkig verkeerdelik aangehaal as die Council of Minerals and Energy, Arts, Culture, Science and Technology.

*André Roos*
*Waarnemende bestuurder, Meta-information*

*Jammer vir die fout. RED*

# KAAPSE BIBLIOTEKARIS

## *40 jaar gelede...*

- ★ Wie onthou nog die ou Capab / Kruik toere na openbare biblioteke op die platteland? 1964 se toer skop af onder leiding Rosalie van der Gucht en Jannie Gildenhuys. Tema: *Liefdestonele uit William Shakespeare dramas.*
- ★ Thys du Preez berig oor 'n besoek aan biblioteke aan Engeland: 'Van die biblioteke gebruik ook Telex om inligting byna oombliklik te verskaf.' Wel, van telegraaf-masjiene na die Internet het ons oor 40 jaar darem ver gevorder!
- ★ Die eerste moderne biblioteek in Bellville word voltooi en kos R140 000. 'Naby Bellville se stasie in Kroningslaan het 'n nuwe begrip van die moderne biblioteek verrys'. '25 jaar later en Bellville kry weer 'n nuwe biblioteek en spog vandag met die grootste sirkulasie van al die openbare biblioteke in die Wes-Kaap.' Die destydse administrateur oor die rol van die biblioteek: '...om as verskansing teen die opper-vlakkigheid van ons tyd op te tree...' Het hy dalk van die Beatles gepraat?
- ★ The Thomas Library, Hout Bay reopens under the Provincial system. This library had its origins as a library run by a private person, a Mrs Thomas. Not only did she provide reading material at her library, but she also taught various crafts to mothers. One of her famous sayings was that it is 'far better to read than to scandal!'
- ★ Rewind the clock another 40 years. In 1923 the Hermanus librarian received 2 pounds per month. Library income was derived, entirely, from subscriptions (the popular 15/- per annum) and fundraising efforts such as dances, concerts and card parties! We wouldn't get far on that basis today, would we?
- ★ Recipe for the prevention of insect attacks, especially those nasty cockroaches: Prepare a shellac coating with mixing 1 oz. resin, 2 oz. shellac, 1 fluid drachm creosote and 1 pt. methylated spirits with enough methyl silicate to give a perceptible odour.

*Stefan Wehmeyer*





## Die groot trek...

*Bo: Dit was 'n enorme taak vir die streekpersoneel van Hoofkantoor om in April die boeke uit die Nie-Fiksie magasyn te skuif sodat die stukkende kompaktusse vervang kon word. Streke van Metropool en Boland Beheerareas, asook Sentrale Naslaan, se algemene werkers en drywers het alleen die groot taak verrig om die duisende boeke weer terug te skuif nadat die nuwe kompaktusse geïnstalleer is. Tydens 'n skof het party die boeke op trollies gepak waar dit gestoor was, terwyl ander die boeke afgepak en op die nuwe rakke geliasseer het. Sophia Rickett van Valsbaaistreek het deurlopend skitterende rakleeswerk gedoen om te verseker dat die Nie-Fiksie magasyn se voorraad nou netjies en maklik opspoorbaar is*

*Onder: Die trek na die nuwe kompaktusse in Nie-Fiksie magasyn*



## Die groot vloed...

Op Sondag 25 Julie 2004 om 6h00 het 'n waterpyp op die tweede vloer van die Biblioteekdiensgebou gebars en water het ongesiens deur die gebou gestroom. Skade is aangerig by die Bestelafdeling en splinternuwe boeke op die grondvloer het nat geword. Gelukkig is daar darem nie te veel boeke beskadig nie.

*Op die foto hierbo is van die personeel hard besig om die water-skade onder beheer te bring en om beskadigde boeke uit te sorteer*